**VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!**

| | |
|---|---|
| **Sondag:** | Leo Visser. |
| **Maandag:** | Nico Coertze, Eleen Louws, Sharisse McLeod, Tana van der Merwe. |
| **Dinsdag:** | Trudie Christensen, Shana Loubser, Fanus Smidt, Elma Smit. |
| **Woensdag:** | Elsa Janse van Rensburg, Evette Summerbell, Piet Swart, Hennie van der Merwe. |
| **Donderdag:** | Hermien Jones, Daleen Kleyn. |
| **Vrydag:** | Christa Frylinck, Guilloume Oberholzer, Monique Petzer, Isabel van der Merwe. |
| **Saterdag:** | Sonya Eygelaar, Wimpie Strauss, Alex van Wyk. |




## Kerkraadsverkiesing

By die Kerkraadsvergadering van 26 November 2024 moet twee kerkraadslede verkies word vir 'n termyn van drie jaar. Die verkiesing van kerkraadslede is die **taak van die hele gemeente**. Daarom dat gemeentelede versoek word om persone te **nomineer** en ook **voorbidding** te doen vir die kerkraad - voor die verkiesing, nadat hulle verkies is, en ook nadat hulle bevestig is.

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing.
**B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens
**D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# Familienuus

**Sondag 13 Oktober 2024**

## Welkom by vandag se Erediens

| | |
|---|---|
| 09:00: | Hennie Fouché |
| Skriflesing: | Rigters 6 |
| Tema: | Gebruik die krag wat jy het, en wees dapper |

Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.

**'n Spesiale welkom aan alle Oumas en Oupas en Kleinkinders - en ook aan 2024 se matrieks.**



*Volmaakte liefde kom soms nie voor die eerste kleinkind nie.* ~Walliese spreekwoord

*Min dinge is lekkerder as kleinkinders wat oor jou skoot baklei*. ~Doug Larson

*'n Ouma kan sien wat niemand anders kan sien nie, want sy sien met haar hart; nie met haar oë nie.* Bron onbekend.

*'n Oupa het die wysheid van lang ervaring en die liefde van 'n verstandige hart.* Bron onbekend.

*Wat kinders die nodigste het, is die noodsaaklikhede wat grootouers in oorvloed voorsien. Hulle gee onvoorwaardelike liefde, vriendelikheid, geduld, humor, troos, lesse in die lewe. En, die belangrikste, koekies*. ~Rudolph Giuliani

*Kleinkinders laat oumense soos konings en koninginne voel, en kinders is trots op hulle ouers* (Spreuke 17:6 Bybel vir Almal)

Ds Ewald J van Rensburg is met Sabbatsverlof tot 31 Oktober 2024

**Leraars:** Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
**Potgooi:** https://bit.ly/3SXY7FI

**Dit is die maand Oktober,  die mooiste mooiste maand ...**
**Dit is die maand Oktober, ons Spesiale Dankoffer-maand**

Dit is ons gemeente se doel om die *genadige liefde van God* in die gemeenskap te weerkaats. Terselfdertyd is dit ook nodig dat ons *opgebou* en *toegerus* moet word om dit te doen. Om laasgenoemde te bereik, is daar die bediening van gemeentelede (jeug, senior lidmate, gasvryheid) en die instandhouding van eredienste. Verder beskik die gemeente oor 'n infrastruktuur - wat finansiële verantwoordelikhede tot gevolg het: die kerkgebou, saal, kantore, personeel.

Die **spesiale tiendemaand dankoffer** is deel van die begrote inkomste om hierdie uitgawes te dek. Ons is bevoorreg dat daar lidmate is wat met hulle kennis en met groot verantwoordelikheid die begroting elke jaar opstel, en dit ook bestuur.

Ons spesiale tiendemaand dankoffer se mikpunt is vanjaar R700 000. Hierdie insameling duur vanaf Oktober tot aan die einde van die jaar.

**SOETKOEKIES TE KOOP T.B.V TAFELDOEKFONDS**

Ons wil graag nuwe tafeldoeke aanskaf wat weer vars, skoon en spierwit is. Om fondse hiervoor in te samel verkoop ons pakkies **soetkoekies teen R25** by die kerkkantoor. Neem dit gerus saam na 'n vriendin of bederf iemand met 'n klein geskenkie. Ondersteun asb. hierdie projek.




- Elke kind se **wenslysie** is op die boks.
- Die boks se totale waarde moet nie meer as R500 wees nie.
- Doen asb. aankope by PEP/Jet/ Ackermans ter wille van eenvormigheid.
- Plaas die **kind se naam en huis-naam bo-op die boks** - skryf gerus 'n briefie vir Kerksfees by.
- Handig by die kerkkantoor in **voor 10 November 2024.**

## Kerskoekie-geskenke vir inwoners van versorgingsoorde



Ons wil graag weer vanjaar inwoners van die versorgingsoorde in ons gemeente 'n pakkie koekies as kersgeskenk gee. As jy aan hierdie projek wil deelneem, kan jy gerus die koekies by die kerkkantoor afgee, of dit op 'n Sondag in die voorportaal neersit. Jy kan self besluit of jy dit in pakkies wil opmaak, en of jy net 'n aantal koekies wil gee. In laasgenoemde geval gaan ons dit in pakkies verdeel. As jy dalk 'n aantal briefies wil skryf om saam met die koekies uit te deel, is dit net so welkom.

**Gemeente Bybelstudie-geleenthede gedurende die week:**

Daar is gemeente-Bybelstudie-geleenthede op Dinsdagaande 19:00-20:00 en op Woensdagoggende 08:45-09:45 in die Familiekamer. Enigiemand is welkom om daarby in te skakel.

**#opWeg in die week**
**(20-30-jariges) Woensdae 19:00 in Familiekamer**

## Beroep van 'n dominee

Die Kerkraadsvergadering, waartydens 'n dominee beroep sal word - om die vakature te vul wanneer ds Ewald aan die einde van Februarie 2024 aftree - vind plaas op Dinsdag 22 Oktober 2024, 18:30.

Elkeen se voorbidding word hiervoor gevra.

**November** is die tyd wanneer **SORG VIR JOU SIEL** deur Ewald van Rensburg interaktief behandel gaan word.

Hier is die program van **Sorg vir jou siel**:

**Sessie 1: Wat is die Siel?** Woensdagaand, 19:00, 6 November
**Sessie 2: Die Siel se gesukkel.** Sondagaand, 8:30, 10 November
**Sessie 3: Wat die Siel benodig.** Woensdagaand, 19:00, 13 November
**Sessie 4: Die praktyk v Genade.** Sondagaand, 18:30, 17 November
**Sessie 5: Die praktyk van Dankbaarheid.** Woensdag, 19:00, 20 Nov
**Sessie 6: Die praktyk van Groei.** Sondagaand, 18:30, 24 Nov.
Almal welkom. Gee asseblief jou naam op by die kerkkantoor sodat ons die kursusboeke kan druk.